

DIE ENSLIN KRISIS



Henk Human
Reeks (1)



Jef van Staden

Henk Human besweer . . .

DIE ENSLIN-KRISIS

deur

JEF VAN STADEN



Uitgegee deur

PRONKBOEKE
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1961

INHOUD

Hoofstuk 1

MODEPOP VAN WATERKLOOF

<i>Hoofstuk</i>			<i>Bladsy</i>
1.	Modepop van Waterkloof	...	5
2.	„Koop maar die Klippe.”	...	16
3.	In die Pekel	27
4.	Blitse in die Tuin	...	37
5.	Quintus Wen Veld	...	46
6.	Mevrou Enslin Lig 'n Sluier	...	57
7.	„Môreaand . . .”	...	67
8.	Die „Tweede” Vrou	...	76
9.	Reunie van die Enslins	...	85
10.	Die „Rabbi”	...	95
11.	Die Laaste Sê	103

DIT kan net nie langer so aangaan nie. Henk Human swaai sy lang bene, vou hulle behendig oorkruis en laat hulle sak sodat hulle die klein tafeltjie met die glasblad vol lê. Sy kantoortjie kruip weg in een van die vleuels van die Nuwe Era-gebou in Aasvoëlstraat 888, Pretoria. Skuins oorkant die straat staan die Melkweg-wolkekrabber met sy dertig verdiepings hoog bokant die ander geboue uit.

Aand na aand, byna gereeld tot hoenderkraai, sit Henk Human in die hokkie waarin jy nie 'n behoorlik uitgegroeide plaaskat aan die stert kan rondswaai nie. Afgesien van die tafeltjie is daar die goedkoop matjiesstoel wat hy op 'n vendusie raakgeloop het, en wat bedoel is vir besoekers, of „kliënte”, soos hy in 'n oomblik van buitensporige geesdrif gehoop het.

Die ander meubels in die krotjie bestaan uit die slaplitterige driebeen waarop hy sy jaguar-lyf—die volle ses voet vier duim daarvan—feitlik soos 'n sirkusakrobaat moet balanseer sodat dit nie aftuimel nie.

Die vaal mat op die vloer het beter dae geken, die venster hier agter hom lyk skaam in sy gordynlose naaktheid. Die rooi blikdeksel wat dien as asbakkie is gelaai met stompies. Hulle lê kruis en dwars, party platgedruk, ander sigarette wat half gerook is—en terwyl hy nou nog een tot hul geleedere toevoeg, is hulle vir Human die simbool van sy frustrasie, die drie weke van leeglê soos die boemelaar wat hy vanmiddag nog sien bak het in die skerp son op Kerkplein toe hy sy litte so effens gaan rek het.

Buite hoor hy net die veraf gedreun van die laaste motors uit die rigting van die teaters en dan sal die stilte van die nag behoorlik om hom toesak en sal hy maar *weer* moet toesluit en druiptert aanstap na sy enkelkamertjie in Sunnyside.

Hy voel al hoe meer soos 'n uitgebrande stuk meteor wat na 'n skouspelagtige loopbaan, hier in die smal Aasvoëlstraatjie met dowwe slag tot rus gekom het en nou maar moet lê en wag dat wind en son hom verweer totdat daar niks oor is nie . . .

Die skrille kontras tussen die bedenklike toestand waarin hy hom tans bevind en die afgelope drie jaar van swerwersavontuur oor die wêreld rond, laat hom sommer erg weemoedig voel.

Hoe langer hy hier in Pretoria soos 'n beesbiltong stadig maar seker uitdroog, hoe meer dwing sy gedagtes terug na die bobaas-bestaan wat net agter hom lê . . .

Byna elke oomblik van daardie drie jaar was gelaai met hoogtepunte . . . Eers as verstekeling op 'n Poolse vragskip en die naelskraap-ontkoming uit die kloue van die swart townaars van Nigerië, toe hulle daar by 'n hawestad aangedoen het en die berugte mensvreters uit die binneland van daardie land van die swart tower-kunste wat hulle so byna oorrumpel het toe hulle een aand in die hawestad se agterbuurte gaan rondsletter het . . .

Toe 'n kaalvuisgeveg een nag in die dokke van New York met lede van die „Throat Cutters“-bende waarin hy half katswink in die water te lande gekom en vir sy lewe moes swem terug na die skip terwyl die lopers uit die afgesaagde haelgewere om sy kop gons . . .

En dan die keer toe die Turkse hertogin, die pêrel van Ankara, in 'n nagklub op hom verlief geraak het. Toe hy nie kans sien om met haar te trou nie, hoewel die ver-soeking oorweldigend was, het sy haar lakeie gelas om hom te probeer ontvoer, en slegs deur die tydige hulp van „Soapy“, sy getroue skipmaat, het hy daarin geslaag om uit die Turkse set te ontsnap . . .

Japan! Daar het hy by 'n maestro in Tokio teen 'n agtergrond van kersieblomme en senuwee-strelende geisjasters die geheime geleer van die *Karate* wat jou in staat stel om met jou kaal hande 'n man se nek te breek voordat hy nog behoorlik kan agterkom wat se aardbewing hom nou getref het . . .

Maar die juweel, die rapsodie, dié het hy in die verre binneland van Indië ten volle gesmaak in die oneindige stiltes van die Himalajabergr. Daar, afgesonder en totaal buite die bereik van die gemiddelde reisiger uit die Weste, veral van die met rolprentkamera gewapende Amerikaanse toeris, het Henk Human die *yogi-guru* in sy skamele grotwoning gevind. Dié kêrel kan 'n giftige kobra, wat al bakkop maak om jou met een byt die ewigheid in te stuur, net so laat bedaar en vreedsaam laat wegseil.

By daardie man, wat op die kruin van die wêreld woon, het Henk ses maande vertoef sodat sy skip al lankal uit Madras padgeee het toe hy uiteindelik weer daar aankom. Hy het op 'n ander vragboot, dié keer een uit Holland, werk gekry om sy nomadiese bestaan voort te sit.

En dit was eintlik in die geselskap van Sri Krishna Vidyarnava wat Henk een nag sy besluit geneem het. Eendag, wanneer hy uitgeswerf is en daar nie meer avontuur te kry is aan die verste uithoeke van die aarde nie, wanneer hy die land van Spanjaard, Moor en Indiaan deur en deur stof getrap het, sou hy 'n ander, onbekende koers inslaan. Hy sou 'n diepgaande studie maak van die onvoorspelbare dinge wat die mens doen, die slag-gate waarin hy homself laat beland en dan 'n hele kruis-tog daarvan maak om uit sy eie strik te ontkom terwyl hy intussen die weer, die sterre, sy skoonmoeder en sy buurman blameer vir die toestand waarin hy verkeer.

Yogi Sri Krishna, sy liggaam verkrimp van al die vas, het kruisbeen op die klipvloer in die grot gesit.

„Woelwater van die Weste, ek sien jou hart spring rond. Jy kan nie rus vir jou siel kry nie. Jy is net soos die

bergbobbejaan as die skerpioen hom steek . . . maar ek sien jy sal eendag in jou eie land afkoel en dan sal jou grootste avontuur begin . . .” En toe keer die yogi sy oë ’n slag om en is dit vir Henk asof so ’n blou wolkie om sy kop warrel en toe sien hy ook die toekoms in en neem hy die stewige besluit dat hy eendag in sy vaderland hierdie ding sal kom doen . . .

En daarna is hy weg uit die yogi se bergwoning en het hy sy trek hervat . . . ’n besoek aan Honolulu, ’n verlore naweek op die tropiese strande van daardie eiland, met hoela-hoela-geselskap daarby . . . ’n toertjie met die goëlaars in die grafkelders van die Piramides—en in al die bedrywigheid vergeet hy skoon van die besluit wat hy geneem het daar in die skaduwees van die yogi-wêreld . . .

Maar agttien maande later, so wrintig, en hier sit hy in Aasvoëlstraat, Pretoria, Transvaal, en die voorspelling van die *guru* in Indië lyk omtrent nou vir Henk net so na aan vervulling as die gemiddelde nuwejaarsbesluite van Jan Burger van Pretoria-Noord se Moot.

Omtrent ál beweging wat nou op hierdie oomblik in sy lewe aan die gang is, is die aanhoudende geflits van die neonlig op die reklamebordjie hier voor die kaal venster-tjie.

En as dit nie ’n spotprent geword het nie, dan weet hy nie so mooi nie. Hy glip van die driepoot af en slenter na die venster se kant toe. Die woorde wat die groenblou ligte hier buite aan die wêreld flits laat hom skaam voel, dan weer lus kry om uit te bars van die lag.

„Konsultasies kosteloos. Ek ondersoek mans, vroue en minnaars. Persone opgespoor. Ek kan u help om gemeedsrus te vind.”

In Pretoria, dink Henk Human, terwyl hy na die slapende midde-stad kyk, is almal gelukkig getroud, raak nooit iemand weg nie, en het almal vrede met die wêreld . . .

Hierdie kleitrappery in hierdie hokkie moet end kry, dink Henk Human. Drie weke, en hy is so te sê platsak.

’n Kwessie van R20 tussen hom en ’n gewisse hongerdood, tensy hy ’n boswagter gaan word en die likkewane skraap aan die oewers van die Sabie.

Na die duiwel met die vergesigte van Sri Krishna met sy rysbakkie en sy omdop-oë, sy plank-plat lyfie en sy duimspyker-bed . . . ’n Maag vra kos, Henk Human hunker na aksie . . . En in drie weke—ten spyte van ’n reklamebord teen R1 per dag, kantooruur teen R16 per maand, ’n dieet van vleispastei met bleek tamatiesous en ’n ysterkateltjie wat ophou waar jou knieë begin—is al wat jy daarvoor kan wys, ’n staatsampenaar wat jou kom vra om te kom ondersoek instel na die geheimsinnige omstandighede waarin sy koekoek-hoenderhenne uit sy agterplaas verdwyn. En dan kla hy nog dat die rekening van R1.75 buitensporig is nadat jy sy geheim opgelos het en hom aangeraai het om ’n neusspesialis te gaan spreek toe jy uitvind dat die ontvoerder van die koekoek ’n middernagtelike besoeker is wat behoort aan die muishond-geslag . . .

Die telefoon is morsdood, net die flitse van die neonligte buite voor die venster laat die swart gehoorbuis dof glinster. Al wat leef, is uit die Nuwe Era-gebou en reeds huis toe . . . en Henk Human se kop begin ook bed se kant toe staan. Hy dink aan sy ou verweerde Citroen wat hy vir ’n appel en ’n ei by die motorkerkhof in Germiston opgetel het en wat hom darem snorkend op die weg bring . . .

Ses lang lagerbiere op my 112de verjaarsdag, ’n deling met ’n sekelhoutkierie saans en dambord die met die ander ou kaalkoppe—dis die vooruitsig wat om op my wag, besluit Henk Human en begin aanstaal maak om te waai.

Hy voel dat hy in botsing met hom self gekom het, dat hy nooit so ’n besluit moes geneem het om hier in die jakarandastad sy intrek te neem nie.

Hy trek sy bottelgroen sportbaadjie van die kapstok agter die deur af, laat sy oog nog vir oulaas deur die

kamertjie dwaal. Hy knoop sy boordjie vas en stoot die knoop van die liggeel das wat treffend by die kleur van sy hare pas, reg.

Dan val dit hom by van die spesiale skakelaar by die venster wat die neon-lig beheer, en hy besluit om dit van vanaand af nie langer die hele nag deur aan te laat nie . . . Dit is net 'n bespotlike affêre!

Die neon-lig flikker nog 'n laaste keer en as Henk ook die lig in die Sjinese tipe skerm aan die plafon uitdoof, sak 'n digte skemer in die kamertjie af. Tegelyk voel hy die stilte wat die hele gebou omsluit, amper net soos daar aan die voetheuwels van die Himalajas in die binneland van Indië.

Sy hand lê reeds op die deur se handvatsel—en toe kom alle beweging in die regop liggaam skielik tot stilstand.

In die stilte is die geluid treffend hoorbaar—amper net soos die solospel van die harpspeler in die volle simfonie-orkes wanneer al die ander instrumente stil is.

En die geluid kom sy kant toe, al met die gang af. Dis die spykerhakke van 'n vrou daardie, lei Henk af, dis nie altemit nie. Wat kan sy so laat in Pretoria hier alleen in 'n groot gebou soek, want sy polshorlosie wys dat dit reeds skuins ná middernag is?

Henk besluit hy gaan nogtans sy kantoor toesluit en oore maak huis toe, hoewel sy nuuskierigheid darem ligdie uiterste geprikkel is deur die besoekster—of danit dalk 'n slaapwandelaars wees wat gedros het uit 'n stige voorstad van Pretoria-Oos?

Hy trek net die sleutel uit toe sy om die draai in die gang kom. Toe sy hom sien, steek sy vas maar byna onmiddellik loop sy weer aan en kom tot vlakby hom. Net toe swaai Henk ook om en maak aanstalles om by haar verby te kom op pad na die hysbak. Hy merk egter hoe sy hom in die grys skemer in die gang haarfyn bekyk.

„Jy is Henk Human. Sluit maar weer oop, ek wil met jou gesels.”

„Pardon?”

„Ek sê jy is Henk Human; ek wil met jou praat—sommer nou!”

Human kan haar nie ordentlik sien nie, maar die be-
sliste toon in die stem en die silhoeët van haar lenige
liggaam hier vlak voor hom laat hom op die plek besluit
dat die bruin yogi op stuk van sake tog gelyk moes ge-
had het.

Hy gee dus gehoor aan haar versoek wat eintlik meer
soos 'n bevel is en sy verwag klaarblyklik dat dit nie
veronagsaam sal word nie.

Hy skakel die lig aan en staan terug sodat sy kan
instap en dan volg hy haar en sluit die deur van binne
agter hulle. Sy merk dit en glimlag so effens ondeund.

„Jy is 'n kêrel wat blykbaar altyd op jou pasoppens is,
nê? Lyk ek vir jou gevaarlik?”

Noudat hy haar deeglik kan bekyk, moet Henk Human
teenoor homself erken dat die dametjie hier voor hom 'n
lus vir die oog is—vir albei die oë, en hulle moet eintlik
oortyd werk om die hele panorama in te neem. Sy leun
sommer so skuins teen die blad van Henk se tafeltjie en
hy hoop net stilweg dat dit gaan hou hoewel sy nie vet is
nie. Sy is net gerond waar dit hoort, en vir Henk lyk dit
asof die natuur die dag toe sý beplan en uitgevoer is,
vasbeslote was om 'n meesterstuk die lig te laat sien.

Haar vel is witter as die suiwerste vleilelie en die wit-
heid steek so treffend af teen die glinsterende swart hare
wat hier teen die agterkop in 'n swierige bolla ry.

En is sy vir jou uitgevat . . . ! Die dame moet rol in die
rande want die pelsjas in bleek-goud, wat so mooi om
haar skouers swaai en net openbaar wat geopenbaar
moet word, is 'n sakkie wat sommer speel-speel oor die
duisend rand kos.

En hier links voor op die duur pels lonk die robyn-
diamantborsspeld soos die aandster.

Henk Human leun teen die vensterbank. Hy is so op sy
gemak dat hy amper nie bewus is van sy liggaam nie. Hy

haal 'n pakkie sigarette uit sy broeksak, hou dit haar kant toe. Maar sy bedank beleefd en kom toe self met 'n silwerkoker voor die dag. Toe hy vir haar aansteek, tref die soet en prikkelende geur van die eksotiese parfuum hom. En toe hy terugstaan, sê hy :

„Wat kan ek vir jou doen om 12.30 in die nag—of het jy net kom kyk hoe ek lyk?”

Dis net 'n flitsie oor haar niks-verraaiende gesig, maar vir Henk lyk dit asof sy nie hou van daardie opmerking van hom nie.

Maar sy beheer haarself en sê : „Ek is Elsa Enslin. Ek woon in Waterkloof in Pretoria-Oos. Ek is 28 jaar oud. 'n Oujongnooi en ek is in die pekel. Om die waarheid te sê ek stoom.”

„Ek is bereid om te luister en te hoor hoe jy daarin slaag om so 'n voltreffer te kan wees terwyl jy in die stoompot gekasty word.”

„Dankie vir die kompliment. Ek weet ek is 'n oogvol maar jy . . .” sy vang hom vas met die twee groot pikswart oë, „jy is ook nie juis onaardig nie.”

„Ek is 'n besige man, mej. Enslin,” bluf Henk. „Wees asseblief saaklik! Wat byt jou?”

Dis lank laas dat Elsa Enslin 'n man raakgeloop het wat haar so kortvat. Haar eerste reaksie is om terug te skop, dan besluit sy sy hou daarvan.

„Ek is 'n loot van die Enslin-stam. Een van die elite-families van Waterkloof, die withuis-kontrei van die hoofstad. Jy weet, al die rykes, die intellektueles . . . en dié wat die kat in die donker knyp. My pa, Lodewicus de Wilzem Enslin is skatryk. Het jare gelede 'n fortuin gemaak op die Randse aandelebeurs. Ek weet nie presies hoeveel nie maar hy is seker 'n rand-miljoenêr, maklik.”

Sy rem 'n slag, trek lekker aan haar sigaret en vir Henk lyk dit nie asof sy met 'n opgemaakte storie besig is nie maar net veiligheidshalwe besluit hy om nog in hierdie stadium nie finaal hieroor te besluit nie.

„Maar Pappa, so ryk soos hy is, lê nou daar in ons huis en die dokters sê die maagkanker is ongeneeslik. Ek

voel so jammer vir hom, omtrent ál wat hy nou van sy geld kan geniet, is Marie-beskuitjies en gestoomde tongvis.”

Nou hou sy eers weer 'n slag vir Human dop asof sy sy reaksie op elke ding wat sy sê, baie haarfyn te boek wil stel, êrens goed wil opneem in haar geheue.

„Jy weet, my familie is woes deur die noodlot geslaan. Want Mammie lê al die afgelope paar jaar in 'n diep koma. Die dokters kan daar geen kop of stert van uitmaak nie. Ons het al spesialisite uit die buiteland hier gehad. Almal sê maar net dat sy in een of ander stadium 'n kwaai skok moes opgedoen het want liggaamlik kan hulle niks fout vind nie . . . Foeitog, dat ek jou so 'n Job-mare moet kom vertel, hierdie tyd van die nag,” sê sy weemoedig.

„Maar dis nog nie al nie. My broer Quintus, die eersgeborene, die troonopvolger, is 'n deugniet, 'n ware *beatnik* soos hulle deesdae sulke lunsrieme noem. Hy is 'n opgeleide prokureur, getroud met 'n heks van 'n vrou, en sy praktyk is somer so-so. Hy is eintlik die oorsaak van Pappie se grootste verdriet want my pa het sulke groot verwagtings van hom gekoester . . .”

„Gaan voort,” sê Henk toe sy weer 'n slag ophou. Hy sit nou op sy driebeen en sy op die matjie-stoeltjie hier skuins oorkant hom. Eers neem sy weer 'n sigaret op haar tyd, voel met 'n paar fynversorgde vingers of die bolla nog mooi lê.

„En daar is natuurlik ekself in die Enslin-konstellasie. Ek het nie nodig om te werk nie, want Pappie gee my 'n ruim toelaag. Maar ek het tog 'n beroep gekies, want dit was altyd my ambisie om 'n mannekyn te word. Dis interessante werk hoewel die wolwe soms baie lastig kan wees. Vir my opleiding was ek by Dior se salon in Parys en daarna ook 'n ruk by 'n mode-huis in Fifth Avenue, New York.”

„Jy het die figuur vir 'n modepop,” sê Henk platweg.

„Hoe dink jy—het ek die verstand ook?”